REAGEER OP DIE BRIEWE VAN TOM LESSING EN DR FLIP DU TOIT - 4 JULIE (4 Julie 2007)

Ds. Etienne Maritz, NGK Koppies – Weltevrede

Ek reageer op die briewe van Tom Lessing en Dr Flip du Toit

Ek was ook betrokke by die klagtes teen Prof Jurrie le Roux en Prof Julian Muller. Ek was dus ook daar teenwoordig. Ek stem nie saam met die beslissings van die ring nie. Op die vergadering en op skrif het hulle duidelik die volgende standpute ngeneem:

1. Dat dit nie belangrik is vir ons geloof of Jesus histories fisies uit die dood op gestaan het of uit 'n maagd gebore is nie. Dit was reg vir die vroeë Christene om in hulle tipe denkwereld dit te glo, maar vir ons is net die verhaal belangrik en ons moet die boodskap daar uit haal.

2. Die Bybel is die neerslag van die subjektiewe belewenis van die vroeë Christene oor God en alles is nie noodwendig deurr die Gees geinspireer nie.

3. Dis arrogant van die fundamentaliste(evangeliese behoudendes) om so oortuig te wees van die ou groot waarhede wat die kerk deur die eeue verkondig het. Nederigheid is dan volgens hulle om te twyfel, op weg te wees in ons soeke na die waarheid,en ''te probeer glo''.

4. Niemand het die waarheid ten volle beet nie en alle godsdienste het 'n deel van die waarheid beet. Hoe die Bybelse mense en ook ons elkeen God subjektief ervaar moet deur wetenskaplike metodes (en hoe onwetenskaplik gaan hulle nie te werk nie) nagevors word.

5. Volgens hulle het die behoudendes die teologiese ontwikkeling van die vorige twee eeue gemis en daarom hou ons halstarrig vas aan die ou groot waarhede.

6. Hulle is wetenskaplik en die evangelies behoudendes is onwetenskaplik en on-intellektueel.

Ek kan nog verder hierop uitbrei en sou graag op elkeen van hierdie stellings wou antwoord, maar ruimte ontbreek. Die feit is dat dit die tipiese standpunte van die liberale teologie van die vorige twee eeue is. Daar was terselfdertyd deur die vorige twee eeue nog meer behoudende teoloe wat groot intellektueles was en is en wat die leuens van die liberale teologie verwerp het.

Dit is tot groot skade vir die kerk dat die ringe oor hierdie openlike dwaalleer van die teoloë nie opgetree het nie en hulle nie in hul werk gestuit het nie. Daarmee word nou gekies vir die liberale teologie teen die behoudende ware leer van die saligheid en beweer die ringe dat die dosente binne die riglyne van die Algemene Sinode hul navorsnig doen.(Prof Louis Jonker van Stellenbosch skryf ook dat dit nie belangrik vir ons geloof is of Jesus histories fisies uit die dood opgestaan het nie).Dit is drie van vele meer dosente wat probeer om die hele kerk te kaap vir die liberale teologie en as dit langer toegelaat word sal ons eindig waar die kerk van Europa vandag sit.

Ek het ook nie die inligting om te oordeel of student Mulder in sy werkswyse korrek opgetree het nie. Die vraag is of die kuratorium dit nie juis gemaklik van hulle afgeskuif het en na die ringe vewys het omdat hulle weet dat die betrokke ringe ook liberaal is nie. Die oordeelsdag sal dit aan die lig bring. In elk geval is ek bly dat ek nie in die skoene van dié ringsbroeders wat hierdie onverantwoordelike besluite geneem het hoef te staan as Jesus weer kom in vuur en swael om wraak uit te oefen oor almal wat Sy evangelie nie gehoorsaam was nie- al glo hulle klaarblyklik ook nie aan so 'n fisiese wederkoms nie. (1Thes 1 :7 - 9).